KOLLEKTES . BYDRAES = SNAPSCAN

- As gevolg van uitgestelde dienste, gaan veral ons Barmhartigheidsfonds (kollekte tydens die diens) nie volgehou kan word nie. Ons vra dat u steeds, indien moontlik, u weeklikse bydrae sal maak aan die Barmhartigheidsfonds ten einde behoeftiges steeds te help bystaan. Daar is twee maniere.

1. Laai die toepassing "Snapscan" op u slimfoon af.
2. Volg dan die instruksies om u bankbesonderhede daaraan te koppel.
3. Skandeer dan die "**QR" kode** op u foon deur die toepassing, en dan sal dit u outomaties na 'n skerm neem om 'n bedrag en 'n verwysing in te voer.

NB: U kan by **verwysing** net **"koll. barmhartigheid"** invoer.

Die **ander manier** vir die BARMHARTIGHEID kollekte of bydraes, kan bloot in die diakonie se rekening inbetaal word; **GK Sasolburg Diakonie, Absa Bank, Rekeningnr: 520 340 238.**

VERPLIGTE ADMIN BURO KOLLEKTE (DEURE KOLLEKTE)

Net soos vir barmhartigheid, sal ons verpligte kollekte ook nie meer voortgaan nie, en kan u presies dieselfde instruksies van Snapscan volg, maar die verwysing sal dan wees bv "koll. Dankbaarheidsfonds" of "koll. Emeritaatsversorging" ens. – hierdie is baie belangrik sodat onderskei kan word waarvoor die kollekte/bydrae is. Indien u nie van Snapscan gaan gebruik nie, kan u steeds hierdie kollektes in die kerk se bankrekening inbetaal. Hierdie kollekte kan **SLEGS** in die kerk se rekening inbetaal word en NIE in die diakonie se bankrekening nie.

GK SASOLBURG, Absa Bank, Rek nr 520 340 033

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

5 April 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid

Kollekte by DEURE: Emeritaatsversorging

{ Sien betalingsopsies }

MEELEWING

- ♥ Dit gaan baie slegs met Elna Kriel (0823588432) se suster wie breinkanker het.
- ♥ Ons dink ook steeds aan Estelle van der Spuy (0834071457) wie ook steeds swaarkry
- ♥ Goeie nuus van Freda Redelinghuys (0826595523). Haar ma het toe nie 'n gewas nie maar 'n infeksie wat behandel kan word.
- ♥ Alida Le Roux (0732890100) se kleinseun moes gaan vir 'n noodperasie
- ♥ Van ons lidmate was in aanraking met mense met die corona virus alhoewel hulle nog nie positief getoets het nie.

Woordbediening

Tema: God ondersteun sy kinders met sy Woord, maar hulle het ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die Woord.

Josua 1:1-9 (53 AV)
Kernverse: Josua 1:8 (53 AV)
Hierdie wetboek moet die rigsnoer
wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag
wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag
in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.

1. Ons leer Josua reeds ken in die boek Numeri, as een van die 12 verspieders (Num. 13) en ook as die persoon wat as Moses se opvolger aangewys word (Num. 27).
   a. En nou staan hy met die volk voor die beloofde land, met groot uitdagins voor hom.
   b. God sê in vers 9 vir hom: *wees nie bevrees of verskrik nie*... want hy was sekerlik bang en senuweeagtig...
   c. En so voel baie van ons dalk ook vanoggend bang en senuweeagtig, met die uitdagings van die Corona virus en al die verskriklike gevolge daarvan, of ander beproewings wat vir ons voorlê.
2. God weet as sy kinders bemoediging nodig het, en daarom kom Hy hier in ons teksgedeelte spesifiek na Josua.
   a. God praat Josua moed in met die woorde: *Wees sterk en voel moed*. (v. 6&9)
   b. God herinner Josua dat Hy getrou is aan sy beloftes. (v. 6).
   c. God bevestig aan Josua dat Hy by hom is (v. 9).
   d. God wil ook jou bemoedig met dieselfde woorde.
3. Die konkrete manier hoe God Josua ondersteun:
   a. Sy Heilige Gees is op Josua. (Num. 27:18).
   b. God gee Sy wetboek(die Woord) vir Josua, om hom en die volk te lei. (v. 7-8).
   c. God het vir jou nog meer gegee vir die uitdagings voor jou.
4. Josua se verantwoordelikheid ten opsigte van die wetboek.
   a. Hy moet veral sterk en vasberade wees in die uitvoering van die wet (v. 7).
   b. Ons moet ook veral sterk in vasvergade wees in die bestudering van die Woord, en gehoorsaamheid daaraan.
5. Hoe kon Josua dit doen, en hoe kan jy dit doen?
   a. Die woord moet in jou mond wees (lees dit). (v. 8)
   b. Oordink die woord, bepeins dit, mediteer daarop. (v. 8)
   c. Gebruik nou hierdie tyd van "lockdown" om goeie gewoontes / roetines hieromtrent aan te leer, wat jy na die "lockdown" kan volhou.
6. Die doel: *Sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan*. (v. 8)
   a. **Ons doel: Heilimaking, nuutmaking, al hoe meer soos Jesus, al hoe nader aan God**.
7. **Die belofte daarby: *want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.*** (v. 8)
   a. **Die belofte vir ons: Nie noodwendig aardse voorspoed en sukses nie, maar wel geestelike voorspoed en goeie gevolg.**

GEREFORMEERDE KERKE VAN SA SE EIE TV PLATVORM

VERJAARSDAE

04/08	Christa	Van Wyk	Belydend	0169763244	0832643185
04/09	Pierre	Erasmus	Belydend	0169766728	0834556921
04/09	Maryna	Jooste	Belydend	0169731797	0614363551
04/09	Hermien	Olwagen	Belydend	0169733609	0835035420
04/10	Minette	Groenewald	Belydend		0725361514
04/10	Melanie	Kruger	Belydend	0169764559	0823350351

YOUTUBE – SONDAG 5 APRIL

Ds Marcel Floor se boodskap sal Sondagoggend op *"youtube"* geluister kan word. 'n Skakel sal aan al die lidmate per whatsapp gestuur word en kan hulle dan die skakel gebruik om na die boodskap te luister.